

# VEILIGE EN GESONDE GEBRUIK VAN ENERGIE



**HOAP**

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR



# HOE OM ENERGIE VEILIG TE GEBRUIK - SONDER GEVARE VIR JOU GESONDHEID


Elektriese krag, paraffien, gas, steenkool en hout is verskillende bronne van energie. Jy moet versigtig te werk gaan as jy dié bronne wil gebruik of stoor, want dit kan ongelukke en beserings veroorsaak of jou gesondheid benadeel. Dit kan veral vir kinders gevaarlik wees, dus moet jy jou kinders leer om weg te bly van elektriese toestelle en vure.

## HOE OM ELEKTRIESE KRAG VEILIG TE GEBRUIK



Vra 'n elektriesien of iemand met die nodige ondervinding om die bedrading van jou huis vir jou te doen.

- Skakel muurproppe af voordat jy dit uittrek.
- Hou elektriese drade en kables weg van stowe en verwarmers om te voorkom dat dit brand.
- Moenie elektriese drade (kables) onder matte versteek om te voorkom dat iemand daarvoor val nie. As die kabel beskadig raak, kan die draad 'n brand veroorsaak.
- Moenie aan 'n elektriese toestel werk of probeer om dit reg te maak voordat die muurprop uit die muur getrek is nie.
- Moenie te veel elektriese toestelle in een muurprop insteek nie.
- Moenie probeer om elektriese toestelle met ligproppe (light sockets) te verbind nie. Skakel die lig af as jy die gloeilampie wil vervang.
- Water en elektriese krag pas nie by mekaar nie. Moenie elektriese toestelle naby water gebruik of met nat hande daaraan raak nie. Moenie probeer om elektriese brande met water te blus nie. Gebruik 'n chemiese blusapparaat, sand of 'n wolkomers.



### Wat moet ek doen as iemand 'n elektriese skok kry?



Dit is baie nuttig om 'n eerstehulp-kursus te loop, sodat jy weet wat om in 'n krisis te doen.

- Bel onmiddellik 'n dokter, ambulans of nooddienste.
- Skakel die elektriese krag by die hoofskakelaar af. Jy kan self 'n skok kry as jy aan die slagoffer probeer raak voordat die krag afgeskakel is.
- Gebruik 'n droë besemstok of 'n stoel om die slagoffer van die elektriese kragpunt af weg te stoot. Trek droë rubberhandskoene aan of bedek jou hande met 'n paar lae koerantpapier voordat jy aan die slagoffer probeer raak.
- Pas mond-tot-mond- asemhaling toe as die slagoffer nie meer asemhaal nie of as die asemhaling onreëlmatig is. Masseer ook die slagoffer se hart.

## HOE OM GAS VEILIG TE GEBRUIK



Koop jou gas by 'n bekende handelaar wat 'n veiligheids-erkenning (safety rating) het.

- Hou die gassilinder buite die bereik van kinders.
- Maak seker dat die pype aan jou gassilinder en aan jou toestelle in 'n goeie toestand is, en gaan dit gereeld na om te verseker dat dit nie beskadig is nie.
- As jy gas ruik, maak alle vlamme en sigarette dood en maak die vensters oop.

### Hoe om 'n gaslek te vind

Draai die kraan van die gassilinder toe. Gaan al die aansluitingspunte (connections) na. Draai die gaskraan stadig weer oop, en vryf seepwater of 'n vloeibare opwasmiddel met 'n kwas of spons op die aansluitings (connections) - daar sal borrels by die lekplek uitkom.

## DIE BELANGRIKSTE RAAD IS:

- Leer jou kinders om weg te bly van elektriese toestelle, vure en paraffien.
- Moenie water en elektriese krag naby mekaar bring nie.
- Leer hoe om eerste hulp toe te pas.



## HOE OM PARAFFIEN VEILIG TE GEBRUIK



Hou paraffien veilig en ver buite die bereik van kinders. As 'n kind selfs net 'n klein bietjie paraffien drink, kan paraffiendampe die longe binnedring en 'n soort longontsteking veroorsaak. Dit kan selfs dodelik wees.

- Moenie paraffien in koeldrankbottels stoor nie, of in enige ander bottel waaruit 'n kind dalk sal drink nie.
- Skakel die paraffienstoof af as jy dit opvul met paraffien.
- Moet nooit paraffien en brandspiritus meng nie - dit kan jou stoof laat ontplof.
- Gebruik 'n kinder-veilige prop op alle paraffienbottels. Dit word in baie huiswinkels verkoop, of jy kan dit by die Vereniging vir Paraffienveiligheid kry. Bel dié Vereniging by 021 424 3473.

### Wat doen ek as my kind paraffien drink?

- Hou die kind in 'n regop posisie en kry onmiddellik hulp.
- Moenie probeer om die kind te laat opbring nie.
- Moenie toelaat dat die kind enigiets drink nie.
- Kry die kind so gou as moontlik by 'n kliniek.

## HOE OM STEENKOOI- EN HOUTVURE VEILIG TE GEBRUIK



Probeer om meer geskikte energiebronne te gebruik vir verwarming en koskook. Afgesien van die gevaar van brande en brandbeserings kan die rook van steenkool- en houtvure ook ernstige longkwale veroorsaak.

- Maak seker dat daar 'n skoorsteen in die kamer is, of dat die lugtoevoer in die kamer goed is.
- Koop rook-arme steenkool (steenkool wat min rook veroorsaak).



- Moet nooit 'n konka of vuurblik (*mbawula*) binne die huis aan die brand steek nie.
- Stapel jou materiaal "onderstebo" as jy vuurmaak, met die steenkool heel onder en die hout en koerantpapier bo-op. Die vuur sal afbrand na die steenkool toe en minder rook afgee/ veroorsaak.

## Hoe om brande in huishoudings te voorkom



- Sit alle paraffienstowe, lampe en blakers op gelyke oppervlaktes waar dit nie maklik omgestamp kan word nie.
- Moenie brandende stowe, vure, lampe of kerse sonder toesig laat nie.
- Gordyne, tafeldoek en wasgoed wat besig is om droog te word moet weggehou word van vlamme en van warm toestelle.
- Bou jou huis ver genoeg van jou bure s'n sodat 'n brand nie maklik kan oorspring van een huis na die ander nie. Moenie die vensters in buurhuise reg teenoor mekaar aanbring nie.
- 'n Stofie met 'n oop vlam werk beter as dit skoon gehou word. Hou die pit reguit deur dit gereeld te sny.
- Stig 'n brandkomitee in samewerking met jou munisipaliteit, die brandweer en die inwoners van jou area.



## Wat doen ek as my huis aan die brand slaan?



- 'n Vuur het drie dinge nodig om te kan brand: lug, brandstof en hitte. As een van dié drie kortkom, gaan die vuur dood. As olie in 'n pot bv. aan die brand slaan, sit die deksel op die pot - dit sny die lugtoevoer af, en die vuur sal doodgaan.
- Hou 'n emmer sand gereed in geval 'n brand uitbreek.
- Moenie water op brandende olie of paraffien gooi nie - dit kan die brand versprei, omdat olie en paraffien op water dryf.
- As jou klere aan die brand slaan, moet jy **STILSTAAN**, **NEERVAL** en **OP DIE GROND ROL** om die vlamme dood te smoor. Moenie hardloop nie, want dan sal die wind die vlamme vererger/aanhits.



## Hoe om 'n brandwond te behandel

- Hou die brandplek vir tien minute onder koue water. Moet niks op die vel smeer nie - tandpasta, botter en olie sal die brandwond vererger.
- As die brandplek groter is as die duimafdruk van 'n volwasse mens, neem die slagoffer onmiddellik na 'n kliniek vir behandeling.



## LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:

- Verbeter die energiegebruik in jou huis
- Hoe om bome te plant en 'n groentetuin aan te lê
- Hoe om barste en klamheid in jou huis te voorkom



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD